Verslag: Vriendskaplike atletiekbyeenkoms

ABSA TUKS Sportstadion, 12 Februarie 2010

Die byeenkoms het om 13:00 begin op 'n heerlike sonskyn-Vrydagmiddag. AHS en AHMP bied hierdie atletiekbyeenkoms gesamentlik aan en die volgende skole is genooi: Eldoraigne, Kemptonpark, Monument (Krugersdorp) en Nelspruit.

AHS het 27 eerste, 23 tweede en 22 derde plekke behaal. Monument daarteenoor het 15 eerste, 23 tweede en 9 derde plekke behaal; Kemptonpark het 10 eerste, 7 tweede en 12 derde plekke behaal; Nelspruit het 8 eerste, 4 tweede en 10 derde plekke behaal en Eldoraigne het 6 eerste, 9 tweede en 13 derde plekke behaal.

Die finale puntestand van die seunskompetisie was as volg:

Affies	628,75
Monument	400,5
Kemptonpark	297,5
Nelspruit	271,75
Eldoraigne	251,5

Dit voorspel groot dinge vir die Interhoër wat op 2 Maart plaasvind en ons vertrou ons atlete sal steeds met groot toewyding oefen.

Drie atlete behaal meer as 1000 punte op die ABSA tabel:

Jandre Slabbert - 1200 vir DG Seuns 15jr - 58,19m
Tristan Nel - 1065 vir HS Seuns 14jr 1,80m en 1049 vir VS S 14jr - 5,85m
David Uys - 1001 vir 800m Seuns 17jr - 1:55,87

Verder het 19 atlete bo 900 punte en 43 atlete bo 800 punte met hul prestasies verdien.

Die volgende trofeë is aan Affie-atlete toegeken:

Beste spronge	Tristan Nel
Beste worpe	Jandre Slabbert
Beste naellope	Constant Pretorius
Beste veldatleet	Jandre Slabbert
Beste enkelprestasie	Jandre Slabbert
Junior Victor Ludorum	Tristan Nel